



Knowledge grows

# YaraVera™ AMIPLUS™ Versterk met Agrotain

YaraVera™ AMIPLUS™ is verkorrelde ureum wat behandel is met die gesofistikeerde urease-inhibeerder NBPTI (handelsnaam: Agrotain™) wat deur Agrotain International vervaardig word. Deur die aktiwiteit van die urease-ensiem in die grond te inhibeer, word die vervlugting van ammoniak vanaf ureum verminder en word die gewas-produktiwiteit per eenheid stikstof verbeter. Daarby word die skade wat tydens ongunstige toestande deur ammoniak aan saad en saailinge aangerig word, aansienlik verminder.


Komponent	Hoeveelheid
Totale N	46% as ureum
NBPT-konsentrasie	600 dpm

### Voordele van YaraVera™ AMIPLUS™

- YaraVera™ AMIPLUS™ inhibeer die vervlugting van ammoniak vanaf ureum.
  - Gepubliseerde data dui op 'n afname van gemiddeld 75% in ammoniak-verlies met Agrotain-behandeling. Daar is dus meer N in die grond vir opname
- YaraVera™ AMIPLUS™ kan ammoniak-skroei van sade en saailinge, wat voorkom indien ureum tydens saai toegedien word, verminder of selfs uitskakel.
- YaraVera™ AMIPLUS™ verhoog ureum se stikstof-doeltreffendheid per eenheid N. Hoër opbrengste kan dus verkry word per eenheid ureum, of dieselfde opbrengste kan verkry word maar met laer stikstof-bemesting.
  - Data van 509 proewe in Europa en Amerika dui op beduidende opbrengsverhogings wat wissel tussen 1 en 15% vir mielies, koring en weidings.
  - Data van 78 proewe met mielies in die VSA toon dat die gemiddelde verhoging oor ses jaar 271 kg/ha was. Die respons was positief in 65% van die gevalle. Die respons was meer as 600 kg/ha in 25% van die gevalle.
- YaraVera™ AMIPLUS™ vergroot die venstertydperk vir toediening aangesien die produk minder vatbaar is vir vervlugtingsverliese.
- YaraVera™ AMIPLUS™ is geskik vir gebruik in suikerrietverbouing sonder grondbewerking waar groot verliese van stikstof weens vervlugting van ammoniak vanaf ureum algemeen voorkom.
- Die toediening van YaraVera™ AMIPLUS™ beskerm die omgewing aangesien ammoniak-vrystelling in die atmosfeer verminder word.

### Yara-proefresultate: NH3-vervlugting

In die foto hieronder word die chemiese stof blou wanneer dit met ammoniak in aanraking kom. Dit dui op die inhibering van die vervlugting van ureum in die grond slegs 48 uur nadat YaraVera™ Amiplus™ of ureum toegedien is.




Die grafiek aan die linkerkant dui op beduidend hoër vervlugtingsverliese vir gewone ureum teenoor YaraVera™ AMIPLUS™. Selfs 5 dae nadat 115 kg N/ha YaraVera™ Amiplus™ toegedien is, was die N-verlies minder in vergelyking met die verlies wat waargeneem is 2 dae nadat dieselfde hoeveelheid gewone ureum toegedien is.



Gaan na [www.agrotain.com](http://www.agrotain.com) vir meer inligting. Agrotain™ is 'n handelsmerk van Agrotain International.

NBPT<sup>1</sup> is 'n afkorting vir N-(n-butiel) tiosfosfor-triamide.

Alle publikasies of eweknie-beoordeelde referate waarna daar verwys word, is op aanvraag beskikbaar.



**Vir meer inligting kontak:**  
Yara Africa Fertilizer (PTY) LTD  
Posbus 59, Hugenoot 7645  
Lambrechtstraat, Paarl 7646  
Telefoon: +27 (0)21 877 5300  
Faks: +27 (0)21 862 6604  
[www.yara.co.za](http://www.yara.co.za)